April 2019

# Stellenberger

## Fokusprogram 7 tot 21 April



*When hope is alive, the night is less dark; the solitude is less deep, fear less acute. -Unknown-*

Daar is deesdae heelwat mense wat sonder hoop leef. Ekonomiese druk, die knellende droogte, die politieke situasie in ons land en onsekerheid oor die toekoms, is almal bydraende faktore. Dit lyk amper asof mense net bestaan en nie meer voluit met vreugde leef nie. Begrippe soos wanhoop, ophoop, misloop en leegloop som baie mense se gemoedstoestand op. Daarom het die predikantegroep besluit op die tema HOOP WAT BEWEEG vir die 2019-fokusprogram.

Gedurende die lydenstyd stap ons juis saam met Jesus op sy pad van swaarkry, wat weer vir ons HOOP bring. Jy word uitgenooi om deel te neem aan ons reis op soeke na HOOP WAT BEWEEG. Lees meer hieronder oor die interessante aanbiedings wat deel uitmaak van die fokusprogram asook die spesiale eredienste wat aangebied word.


### Maandag 8 April 19:00 in die kleinsaal Aanbieding deur prof. Christina Landman



Professor Landman, werksaam by die Universiteit van Suid-Afrika, is verbonde aan die universiteit se navorsingsinstituut vir teologie en geloof. Haar loopbaan getuig van 'n merkwaardige hoeveelheid artikels in vaktydskrifte, boeke en joernale. Sy het diep spore getrap in kwessies soos vroueregte en was as leraar van die Dullstroom-gemeente by verskeie gemeenskapsprojekte betrokke en ook 'n kampvegter vir die regte van onderdrukte, arm gemeenskappe.

Sy het die boek Ek is … vol hoop geskryf. Sy skryf die boek juis vir mense wat hulle hoop verloor het. Sy kom deel met ons hoop vir vandag en nie net vir eendag nie. Kom luister na hierdie inspirerende boodskap, gepas vir die uitdagende tye waarin ons vandag leef. Die aanbieding duur een uur.

Beprekings: Kaartjies @ R50 elk by karin@stellenberg/021 976 4519/Whatsapp jou naam en e-posadres na 083 611 4720.




## Sondag 14 April 19:00 tot 20:30 in die kleinsaal: Vertoning van die Jesusfilm

Die Afrikaanse film van 90 minute beeld die 33 jaar van Jesus se lewe op aarde, volgens die Lukas-evangelie, uit. Die film sal beslis jou hart aanraak en bring jou nader aan die diepte van Jesus se lyding aan die kruis. Geen bespreking nodig nie.

## Maandag 15 April 19:00 tot 20:00 in die kerk: Paassangdiens in die kerk

Oordenk Jesus se lydingspad met musiek en die voorlesing van gedigte.

## Dinsdag 9 en 16 April 19:00 in die kapel

## Shema – Meditatiewe gebed




Die woord "shema" verwys na Shema Yisrael (of Sh'ma Yisrael) wat beteken: Luister Israel. Dit vorm ook die eerste twee woorde van die wet. Die Shema is die kern van die Joodse oggend- en aandgebede. Tydens hierdie uur gaan ons stilword en na God luister deur ons harte en gedagtes oop te stel om versterk te word deur deur sy Woord en teenwoordigheid. Geen bespreking nodig nie.

## Woensdag 10 April 19:00 tot 20:00 in die kleinsaal

## Beskerm en vernuwe jou denke – hoop vir moeilike tye



In 'n land en wêreld met baie negatiwiteit kan angs en onsekerheid 'n mens verlam. Hoe kan jy jou denke beskerm en vernuwe? Braam Hanekom (Sentrum vir Publieke Getuienis) en Gustav van Greunen (kliniese sielkundige met 'n belangstelling in die rol wat die neuro-wetenskap in ons gesondheid speel) bied 'n werkswinkel aan oor bogenoemde onderwerp. Kom luister na: Waar kom angs, onsekerheid en emosionele verlamming vandaan? Is ons almal dalk getraumatiseerd? Wat is die verskil tussen destruktiewe en konstruktiewe selfbeskerming? Kry perspektief op ons land en wêreld. Praktiese wenke wat jou kan help om in 'n gespanne omgewing te funksioneer. R50 per persoon. Bespreking by karin@stellenberg.co.za/021 976 4519/Whatsapp jou naam en e-posadres na 083 611 4720.

## Donderdag 11 April 19:00 tot 20:00 in die kleinsaal

## Toneelstuk: Dis OK om nie OK te wees nie



Johan Laten stap al 'n lang pad met depressie. In die eenman-opvoering kombineer hy sy eie ervaring van die siekte met sy passie vir toneelkuns. Met sy toneelstuk Dis OK om nie OK te wees nie wil hy graag 'n boodskap van hoop by mense tuisbring. Of 'n mens nou self ervaring van depressie het en of jy net iemand ken wat daarmee worstel – 'n boodskap van HOOP sal jy hier hoor. Die toneelstuk is een uur lank.

Besprekings: Kaartjies @ R50 elk by karin@stellenberg/021 976 4519/Whatsapp jou naam en e-posadres na 083 611 4720.




## Woensdag 17 April 19:00 tot 20:30 in die kleinsaal

## Joodse Paasete

Kom geniet tradisionele Joodse paaskos saam met vriende en familie. Dit is 'n gesellige saamkuiergeleentheid.
Beprekings: Kaartjies @ R50 elk by karin@stellenberg/
021 976 4519/Whatsapp jou naam en e-posadres na 083 611 4720.

## Fokusprogramhandleiding en CD



’n Handleiding word vir persoonlike Bybelstudie asook kleingroepsessies beskikbaar gestel. ’n CD met musiek en voorlesings van gedigte vorm deel van die stel wat teen R20 verkoop word. Dit sal Sondae na die oggenddienste beskikbaar wees, of gedurende die week by die kerkkantoor (08:00 tot 14:00).

## Paastyd: Spesiale eredienste

**Maandag 15 April 19:00** Paassangdiens in die kerk (Ds. René Potgieter)

**Donderdag 18 April**

18:00 Nagmaal by Edelweiss (Dr. Theo Swart)

19:00 Nagmaal in die kerk (Ds. Callie Visagie)

**Goeie Vrydag 19 April**

09:00 Erediens in die kerk (Ds. René Potgieter)

**Paassondag 21 April**

06:30 Nagmaal in die kerk (Ds. Marius Breytenbach)

09:00 Nagmaal in die kerk (Ds. Marius Breytenbach)

19:00 Nagmaal in die kapel (Ds. Marius Breytenbach)

# Feesmarkaansoeke is nou oop




Besoek gerus die gemeente se webwerf by www.stellenberg.co.za om jou aanlynregistrasie te begin.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Die breigroep is baie dankbaar . . .



Die breigroep is baie dankbaar vir lidmate se wonderlike ondersteuning met hulle fondsinsamelingpoging op Sondag 10 Maart. Die groep het ruim donasies ontvang en het daarin geslaag om bykans R5 000 vir wolaankope in te samel. Hartlike dank aan Elmari Minnie wat die wolskaapborspelde gemaak en aan die groep geskenk het.

"Ons kan nou ons wolvoorraad aanvul sodat ons genoeg serpe en musse vir die Junie/Julie-uitreike vir hierdie jaar kan brei en sal boonop genoeg geld oorhê om 2020 mee af te skop," sê Ria McMicken, koördineerder.



Die breigroep kom op die eerste Maandagoggend van die maand in die markplein bymekaar en tussenin brei lede by hulle eie huise. Pieter Pienaar, die groep se eerste manslid, het in Maart by die groep aangesluit en hy brei veral graag musse. Nuwe lede is baie welkom en selfs breiers wat nie die byeenkomste kan bywoon nie, maar graag wil deelneem aan hierdie projek, kan betrokke raak. Kontak gerus vir Ria McMicken by 083 519 0602.

# Wenners by die basaar





Op die foto links pryk die wenner van die massiewe bottel rooiwyn wat by die basaar uitgeloot is. Brenton Ellis het vyf lootjiekaartjies gekoop sodat hy 'n beter kans sou staan om die wenner te wees. Hy het onderneem om te laat weet hoe die wyn gesmaak het. Op die foto regs is Adam du Pisani, die wenner van die abseilkompetisie. Hy is die klimmer wat die hoogste sport op die opgestapelde kratte bereik het. Baie geluk aan julle twee.

"Die basaar het R75 000 netto inkomste opgelewer teenoor R49 000 van verlede jaar", sê ds. Callie Visagie, predikant verantwoordelik vir gemeentefeeste. "Ons is regtig baie dankbaar teenoor Christine Morsbach, basaarkoördineerder, en haar span helpers vir hulle harde werk om 'n baie mooi en goed georganiseerde funksie aan te bied. Christine gaan nie voort as koördineerder nie. Deon Maree het aangebied om die leisels in 2020 by haar oor te neem."

# Uitreikspan woeker in Vosburg





'n Groep van ongeveer 30 jongmense, bestaande uit tieners van Stellenberg-gemeente, asook NG Kerk Onrusrivier, het vanaf 19 tot 26 Maart na die gemeenskap van Vosburg uitgereik. Die span het die lang pad en die versengende Karoo-hitte getrotseer om die liefde van Jesus met die gemeenskap van dié dorp te deel. "Elke uitreik is in beginsel 'n geleentheid om verhoudings te bou, leiers te identifiseer en die beginsels van dissipelskap uit te leef en daarin het die span groot sukses behaal," sê ds. Why Duvenhage, predikant verantwoordelik vir uitreike.

Daan-Louw de Swardt, lid van die uitreikspan, se gedig oor Vosburg vertel dat die mense, maar ook die landskap van die Karoo, die groep behoorlik aan die hart geruk het.

**Vosburg**

elke dorre bossie
die wind se koor wat om elke hoek en draai 'n ander noot harmoniseer
elke uitgeloogde stofgedeelte
die onbevlekte spierwit watermassas wat my gestalte soos 'n sambreel omvou
elke insek se gezoem en getjir
dier se tendens
elke rotsformasie bekwaam deur u hande uitgegraveer
elke sandduin deur u asem geformaliseer
die eindelose, niksvolle, potblou kombers wat om die aarde pak
die môre se stygende ligbron en aand se naglig
elke antagonistiese spier in die mens se karkas
elke hartklop en longsametrekking
elke vooruitbeplande galm wat my kurkdroë lippe verlaat
dors na u goedheid
smag na u stroopsoete liefde

ál wat deur u gewillige hande uit droë, droë stof geskape is
getuig van U, almagtige wese

deur: Daan-Louw de Swardt

# Selfdegeslagverhoudings – ons kerkraad se siening



**Selfdegeslagverhoudings: skrywe aan lidmate uitgegee op 15 Maart 2019 deur die kerkraad**

Die Noord-Gautengse Hooggeregshof het onlangs uitspraak gelewer aangaande die appèl van 'n groep lidmate in die NG Kerk oor die sinodebesluit van 2016 rakende selfdegeslagverhoudinge. Lidmate van Stellenberg-gemeente mag wonder hoe hierdie besluit ons eie gemeente en ons standpunt oor die aangeleentheid raak. In November 2015 het Stellenberg se kerkraad die volgende besluit, wat ooreenstem met die Algemene Sinode se besluit van 2015, geneem en goedgekeur:

Stellenberg-gemeente herbevestig die besluite van die kerkraad in 2002 en erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind hom tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

Stellenberg-gemeente verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

Stellenberg herbevestig die Algemene Sinode se besluit van 2004, 2007 en 2013 oor die huwelik dat slegs verbintenisse tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.

Stellenberg-gemeente gee erkenning aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, maar maak ook voorsiening daarvoor dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

Met hierdie besluit wil die kerkraad nie lidmate uitsluit wat van hierdie standpunt verskil nie. Die kerkaad is oortuig dat ons te midde van verskille steeds as gemeenskap van gelowiges, vanuit die bron van God se liefde, getrou aan mekaar en God verbind kan bly.

Tydens 'n buitengewone sitting van die Algemene Sinode in November 2016 is die 2015-standpunt rakende selfdegeslagverhoudings vervang, waarna 'n groep lidmate in die kerk daarteen appelleer het. Die saak is na die hooggeregshof verwys. Op 8 Maart 2019 is uitspraak gelewer ten gunste van die appellante, wat beteken dat die 2015-besluit van die Algemene Sinode gehandhaaf word.

Tydens 'n onlangse kerkraadsvergadering is Stellenberg se standpunt van 2015 herbevestig. Ons ervaring sedert die besluit in 2015 geneem is, was dat ons te midde van verskille steeds in een gemeente in toewyding aan die Here en mekaar kan leef. Terugskouend is dit dus enersyds vir ons verrykend om te beleef hoe mense in selfdegeslagverhoudinge in ons gemeente kon tuiskom, maar andersyds ook hoe lidmate wat onseker oor dié kwessie is en van standpunt verskil, binne die ruimte van die Here se genade deel van die gemeente gebly het.

Hoe lyk die pad vorentoe in Stellenberg-gemeente? Ons strewe is om 'n ruimte te help skep waarbinne enige persoon kan deel in al die voorregte wat 'n geloofsgemeenskap bied. Ons is bewus daarvan dat dit steeds vir diegene wat diskriminasie beleef, moeilik is en wil toenemend 'n omgewing skep waar mense met 'n alternatiewe lewensbeskouing veilig kan voel om hulle gevoelens daaroor met ons te deel.

Die kerkraad glo dat simpatieke gesprekke – eerder as debatte – ons in die toekoms beter op ons gesamentlike geloofsonderskeidende pad kan help.

Leraars en Kerkraad
Stellenberg-gemeente

# So kyk die Sinode van Wes-Kaapland na die saak

9 Maart 2019

PASTORALE BRIEF AAN DIE GEMEENTES VAN DIE WES-KAAP T.O.V. DIE UITSPRAAK VAN DIE GAUTENGSE HOË HOF VAN 8 MAART 2019 INSAKE DIE KERK SE 2016 BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE

Liewe broers en susters

Die Moderatuur van die Algemene Sinode het in hulle verklaring kennis geneem van die hofuitspraak oor die NG Kerk en selfdegeslagverhoudings. Die kerk respekteer die hofuitspraak. Die kerk moet egter nog saam met sy regspan die uitspraak bestudeer om die volle implikasies daarvan te verreken in sy keuse om na die Konstitusionele Hof te appelleer of nie.

Die Moderatuur van Wes-Kaapland is bewus van die ontwrigtende effek wat die kerklike prosesse en die hofuitspraak op gemeentes het, en stuur daarom nou aan u hierdie pastorale brief. Vir lidmate wat sterk gekant is teen selfdegeslagverhoudings was die kerklike en juridiese prosesse baie ontstellend. Aan die anderkant het ons gay lidmate en hulle families en vriende soveel keer seergekry. Ons is verleë daaroor dat die teenstrydige besluite oor selfdegeslagverhoudings verwarring en hartseer veroorsaak het. Ons moderamen het met die hulp en leiding van ons Sinodale Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake 'n proses onderneem waarin gemeentes, gay persone, akademici en ander se mening oor selfdegeslagverhoudings ondersoek en baie ernstig opgeneem is. Die moderamen het verlede week met 'n eenparige besluit voorstelle goedgekeur wat by ons komende sinodesitting voorgelê gaan word vir oorweging. Ons is positief dat hierdie voorstelle ons kan help om vorentoe te beweeg.

Ons besef dat die kerk nou oor hierdie kwessie duidelik sal moet leiding gee ten opsigte van 'n lewe in gemeenskap met, en navolging van, Christus. Ons moet in hierdie tyd daarteen waak om die uitspraak van die hof met die konstitusionele implikasies daarvan, en die roeping van die kerk, teenoor mekaar te stel. Ons moet in nederigheid die uitspraak van die hof oorweeg. Ons moet egter ook geloofsonder- skeidend voortgaan om die Woord te lees en in gebed ons oopstel vir die leiding van die Gees. Christus regeer immers sy kerk deur sy Woord en Gees.

As moderatuur is ons bewus van die moontlikheid van nuwe spanning en verwarring in gemeentes na aanleiding van die uitspraak van die hof. Daarom bid ons dat die Here vir ons in hierdie tyd met 'n kalme nugterheid sal seën. Ons bid ook dat Hy ons sal help om mekaar vas te hou en mekaar met respek en opregte omgee te hanteer. Ons het by die afgelope vergadering van die moderamen beleef dat ons geleer het om te midde van verskille, beter na mekaar te luister en by mekaar te leer. Ten spyte van ons beste bedoelings maak ons dikwels foute met die uitkoms dat mense seerkry. Selfs al was dié slegte uitkomste onbedoeld, het gelowiges deur die eeue heen reageer deur hulle skuld te bely. Om te sê dat ons jammer is, is nie vir gelowiges vernederend nie, maar bevrydend. Ons ís jammer. Matteus 5:3 sê immers: "Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel." Die lydenstyd bied ook 'n wonderlike geleentheid vir verootmoediging en besinning. Die Heilige Gees het gelowiges nog altyd in tye van broosheid die lewegewende genade van God laat herontdek en met nuwe wysheid en geloof vorentoe laat gaan. Profete soos Jesaja en Jeremia het in die tye toe die volk van die Here op hulle broosste was, die uitkoms uit die verte gesien kom. Ons is oortuig dat alles wat die afgelope tyd gebeur het, ons veel nader bring aan 'n punt van gehoorsaamheid, geregtigheid en vrede. Laat ons intussen gehoorsaam bly aan ons roeping. Ons hoor merkwaardige getuienisse van die Here se werke in en deur ons gemeentes.

Ons bid vir julle.

Nelis Janse van Rensburg, Frederick Marais, Charl Stander, Francois Herselman, Melanie Thirion, Frik Bosman, Riana Furniss, Marié Britz, Bossie Minnaar, Gielie Loubser

# ’n Kerk wat foute maak

deur: ds. Nelis Janse van Rensburg


Gepubliseer in Rapport 24 Maart 2019

**Die verhaal van die NG Kerk met die selfdegslagkwessie kan uit verskillende hoeke vertel word. Ek stel my baie hoeke voor, maar wil vir ’n oomblik in hierdie een staan en vertel wat ek sien.**

Die NG Kerk was oor die afgelope dekades op reis met die kwessie van selfdegeslagverhoudings. Ons het lidmate gehad wat getuig het dat hulle gay is en graag ten volle wil deel wees van die kerk. Die gesprek wat gevolg het, is gevoer teen die agtergrond van eeue se aannames oor die redes waarom mense gay is, die seksuele gewoontes van gay mense, wat die Bybel oor gay gedrag sê, die verhouding van gay mense met God, die gewoontes van gay mense, die psigologie van gay mense en alle perspektiewe op gaywees. Dit was van die begin af duidelik dat die gesprek nie sommer oornag afgehandel sal word nie.

Aanvanklik was die aard van die gesprek in die kerk baie emosioneel. Mense het vertel hoe hulle vir hulle kinders wat “uitgekom” het, gesê het dat hulle tot die hel verdoem is. Dit het hewige reaksie ontlok van mense wat God se genade anders verstaan. Tydens die NG Kerk se sinode in 2004 is ’n aantal verhale aangehoor van persone wat getref is deur die emosionele- en geloofsimplikasies van die uitsluiting van gay mense uit families en geloofsgemeenskappe. Verhale is vertel van die impak wat ’n ervaring van minderwaardigheid in die kerk op die lewe van gay persone het.

Hierna het die debat in die kerk baie sterk begin fokus op die verstaan van die Bybeltekste wat handel oor homoseksuele gedrag. Handel hierdie tekste net oor slegte seksuele gedrag van heteroseksuele- en gay mense, of gaan dit ook oor die verskynsel as sodanig? Wat was die betekenis van hierdie tekste vir die oorspronklike gemeenskappe wat dit



gehoor het? Moet die Skrif nie in sy breër konteks gelees word en die insluitende genade van God verreken word nie? Deelnemers het dikwels mekaar met name soos fundamentaliste, of liefdeloses, of mense wat nie die gesag van die Skrif aanvaar nie, benoem. AL hierdie benamings het ontstelde reaksie uit die oorde van die onderskeie sienings ontlok. Daar is in hierdie tyd deeglik besef dat gelowiges die Bybel verskillend lees. Daar was immers in die vroegste tye verskillende benaderings oor die lees van die Bybel en hierdie gesprek het dit weer op die spits gedryf. Die voorstanders van die onderskeie soorte lees van die Skrif het mekaar met alles probeer oortuig dat hulle reg is.

Tydens die 2007-sinode het sinodegangers twee interpretasies van die Skrif voor hulle gehad. Die kerk het besluit om alle gay mense welkom te laat voel in die kerk, maar dominees is nie toegelaat om in gay verhoudings te wees nie. Die huwelik tussen een man en een vrou is gesien as die enigste plek waarbinne mense hulle seksualiteit mag uitleef. Gay lidmate het heftig hierop reageer. Hulle het getuig dat hulle nie hulle seksualiteit kan opskort nie. Dit is ’n integrerende deel van hulle menswees. Daar was ander wat oortuig was dat gay mense hulle kan bekeer en hulle seksuele oriëntasie kan verander.

Vervolg op bladsy 9 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 8

Stadig maar seker het deelnemers aan hierdie gesprekke begin agterkom dat hulle mekaar nie gaan oortuig nie. Die vraag het ontstaan of dit moontlik is om binne een kerk ruimte te maak vir verskillende standpunte oor hierdie kwessie. Die Bybel is ook hiéroor geraadpleeg. Voorbeelde uit die tyd van die Nuwe Testament soos die debat oor die eet van offervleis wat aan gode geoffer is, het 'n benadering ondersteun van ruimte maak vir meer as een standpunt.

Die 2015-sinode het besluit om hierdie weg te slaan. Die verantwoordelikheid is verskuif na gemeentes om in die lig van hulle kennis van die integriteit van gelowiges se lewens, te besluit wie in die ampte van 'n gemeente kan dien. Die huwelik as ruimte vir hetroseksuele seks is gehandhaaf, maar daar is ook ruimte gemaak vir vaste verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.

Hierdie besluit het groot reaksie ontlok. 'n Spesiale sinodesitting is in 2016 gehou waartydens die sinode besluit het om min of meer dieselfde standpunt in te neem as tydens die 2007-sinode. Die onderskeidingsproses van die kerk is hierna onderbreek deur 'n aansoek van 12 lidmate wat 'n hoë hof genader het met 'n aansoek om die 2016-besluit ter syde te stel.

Die hof het oor die prosedures wat die kerk gevolg het op pad na die 2016-besluit, in die aansoekers se guns beslis. Die hof het egter ook reageer op die aansoekers se konstitusionele aanspraak op gelykheid en geregtigheid. Die hof het aangedui dat kerke nie in die lig van die Grondwet van die land en hulle reg op godsdiensvryheid, die reg het om na willekeur mense se menswaardigheid en gelykheid te skend nie.

Die werklikheid dat die NG Kerk diep verdeeld is oor die selfdegeslagkwessie, het die hof laat dink dat die oortuiging van die kerk nie so sterk is oor hierdie kwessie dat dit die skending van mense se gelykheid en menswaardigheid regverdig nie.

Ons het besluit om nie teen die hofuitspraak te appelleer nie. Die 2015-besluit van die Algemene Sinode is dus nou van krag. Die feit dat hierdie besluit nou geld, beteken dat ons op 'n nuwe ongekarteerde reis gaan waarin ons leerbaar sal bly sodat ons die beste belange van die Koninkryk sal dien. Ons het immers oor die afgelope paar jaar op besondere maniere geleer om mekaar vas te hou en mekaar se laste te dra. Ons sal dit bly doen.

Die NG Kerk se dapperheid om grondig met hierdie onderwerp te handel, moet verstaan word. Brené Brown skryf in haar boek, *Dare to Lead,* oor die fisika van kwesbaarheid. *If we are brave enough, often enough, we will fail. Daring is not saying I'm willing to risk failure. Daring is saying I know I will even*tually fail *and I'm still all in. I've never met a brave person who hasn't known disappointment, failure, even heartbreak*.

Om 'n posisie in te neem van kwesbaarheid is nie 'n teken van swakheid nie. Brown sê ook 'n mens kan nie vertroue bou sonder om ooit kwesbaar te wees nie. Kwesbaarheid ontstaan uit ons gevoelens vir mense wat uitgesluit word en teenoor ons getuig van die seer wat dit in hulle veroorsaak.

Ons het baie mense seergemaak, soms ook mekaar. Ons het foute gemaak. Sommige meen dit was in 2007 en ander dink dit was in 2015. Maar ons het nie weggekruip en die impulse van ons gevoelens en oortuigings geïgnoreer nie.

Ons het die Skrif geraadpleeg. Ons het gedink en geredeneer. Ons het geluister na mekaar. Ons het geluister na die verhale van gay mense. Ons het die hoogte en diepte van die geheimenisse van God se Woord verken. Ons het hierdie gesprek gevoer, wetende dat ons onsself oneindig blootstel. Ons het geleer uit die verlede om nie met mag, en oënskynlik sonder kwesbaarheid, reëls en finale uitsprake te maak nie.

Vervolg op bladsy 10 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 9

Ons het in die proses vertroue ingeboet, maar ek is seker dat mense ons op die lang duur sal vertrou as 'n kerk wat voel én dink, dapper én bang is, waag én verloor, waag én wen, verleë én opgewonde is, soek én vind, soek en níé altyd vind wat ons gesoek het nie, juig én treur, feesvier én rou, weet én nie weet nie, maar bo alles vertrou op God en nie op mensgemaakte sekerhede nie.

Deur alles het ons ernstig gebly oor God se Woord. Ons het opnuut ontdek dat Christus 'n nuwe mensheid van mense wat aan Hom behoort, totstand gebring het. In hierdie mensheid word almal deur sy genade gelyk gebreek en al die ou onderskeidings verval.

Ons het nie hierdie storielyn van die kerk se reis met gay mense uitgedink of bestuur nie. Ons is nie so goed nie. Ons het net geleer dat wat met ons gebeur, gestalte gee aan 'n nuwe soort kerk wat outentiek is in sy afhanklikheid van God. Die NG Kerk is 'n baie deursigtige kerk. Almal weet hoe ons getalle beweeg, almal weet hoe ons verskil, almal weet waaroor ons praat. Ons skryf daaroor in ons eie koerant. Ons gee nie voor wat ons nie is nie. In hierdie dae, na 'n hof se beslissing teen ons, verstaan ons ons broosheid beter en plaas ons ons vertroue opnuut in God.

Ons gaan nou voort om ons gehoorsaamheid te kalibreer volgens die lewe van Christus. Ons sal voortgaan om die Woord te bedink. Ons sal voortgaan om verhoudings met alle soort mense te bou. Ons sal voortgaan om diensbaar te wees. Ons gaan voort om op grond van God se genade te probeer om nog meer insluitend te wees. Ons wil voortgaan om so in Christus te leef dat ons kan bekostig om broos te wees, te waag en foute te maak. Ons gaan in Christus se vrywillige kwesbaarheid inspirasie bly vind. Mag die lig van Christus dan deur die krake van ons beste pogings skyn. Mag dit vir almal wat broos is, en seer en swaar het, 'n aanloklike uitnodiging word om saam met ons op reis te bly met ons intense ervarings van God se begrip, nabyheid en sorg.

# Ander gelowe – wat verstaan ons van mekaar?

deur: ds. Marius Breytenbach

Die onlangse skokkende aanval op Moslemgelowiges in Christchurch, Nieu-Seeland, waarin 50 moskeegangers tydens hulle Vrydagaandgebede afgemaai is, het die kollig opnuut op die broeiende spanning in skynbaar veilige omgewings laat val.

'n Artikel in Maroela Media beskryf die situasie raak: "Die finale oomblik waartydens die skieter die sneller trek, is in der waarheid maar net die laaste skakel in 'n lang ketting van negatiwiteit, agterdog, vrees en haat". Dit is juis hier waar ons as gelowiges 'n belangrike rol kan speel om die sogenaamde skakels, wat op rampe kan afstuur, te verbreek. Ons houdings, asook ons gedagtes, is volgens Jakobus 3:17 veronderstel om die volgende te weerspieël: wysheid wat van Bo ontvang word, vredeliewendheid, inskiklikheid, bedagsaamheid, medelye, onpartydigheid, opregtheid en goeie vrugte.




Die rolprent The Sultan and the Saint is gebaseer op die lang vergete verhaal van St. Franciscus van Assisi en die Moslemvors, die sultan van Egipte en hoe hulle ontmoeting in die 13de eeu, tydens die bloedige Kruistogte, 'n verrassende uitkoms tot gevolg gehad het.

Ons gaan die rolprent op Dinsdag 23 April om 19:00 in die kleinsaal vertoon en sal die vertoning in die daaropvolgende week op 30 April opvolg met 'n oop gesprek oor hoe ons ons getuienis in 'n diverse samelewing kan uitleef.